

ds. PJ Kriel

10.07.2016

Inhoud Hierdie preek help lidmate om die aanslag van die nuwe goddeloosheid in die kerk op hulle te herken. Dit wys op die werklikheid dat die goddelose wêreld die kerk as sy sendingveld sien. Christene moet uit hul geloof in en toewyding aan die Here bekeer word om hulle sondige aard as hul ware godbestemde aard te herontdek. Om hierdie sekularisering van die kerk te bereik verkondig geestelikes godstories in die plek van die Woord van God.

Skriflesing 2 Petrus 1:1- 12; 16-21; 2:1-3; 12-14; 17-19; 3:3 – 4; 17-18.

Teks 2 Pet. 3: 17 b, 18 Wees op julle hoede om nie deur die dwaling van beginsellose mense meegesleur te word nie en so julle standvastigheid te verloor nie. Sorg dat julle aanhou groei in genade en kennis van ons Here en Verlosser Jesus Christus.

Tema Die Here het ons gevestig in sy genade daarom kan ons nie goddelose geestelikes se sendingveld wees nie.

- 1.Christene moet tot bekering kom!
- Christene moet die boodskap van bevryding hoor!
- Christene moet die vreugde van die ware lewe ontdek!
- Christene moet leer dat Christus nie sonde oordeel nie!
- Christene moet luister na stories oor God!

Wanneer ons hierdie oproepe hoor dan klink dit soos die sendingwerk wat ons as kerk doen. Dit klink soos ons kerk se sendingboodskap aan 'n goddelose en wettelose wêreld:

- die boodskap van Christus as Verlosser,
- die oproep om jou uit jou goddeloosheid in die geloof tot die Here te bekeer,
- om in die lewensvreugde van God se genade en vrede te leef en
- om mense na die boodskap oor Christus te laat luister.

Dit is hoe hierdie oproepe op die oor af klink.

Hierdie oproepe is egter nie die sendingoproep van die kerk van die Here nie. Hierdie is nie die sendingwerk van die kerk onder goddelose en wettelose mense nie. Hierdie is die sendingwerk van goddelose en wettelose mense in die kerk teen die kerk.

Die verskil tussen die kerk se sendingboodskap vir goddeloses en die goddeloses se sendingboodskap vir die kerk kan 'n mens duidelik sien in wie tot bekering en verlossing opgeroep word.

Die Here het ons gevestig in sy genade daarom kan ons nie goddelose geestelikes se sendingveld wees nie

Goddeloses antwoord die kerk se sendingboodskap met hulle eie teenvoeter. Dit is nie hulle wat verlos moet word en tot bekering moet kom nie. Dit is Christene wat bevry moet word en tot bekering moet kom!

Dit is wat ons saam in die apostel Petrus se brief moet ontdek! In hierdie brief kry ons die reaksie van die Romeinse heidense wêreld op die eerste sendingwerk van die kerk. Met die werk van die apostels is die hele heidendom rondom die Middellandse See gekonfronteer gewees met die goddeloosheid en wetteloosheid van hulle gode en hulle heidense geestelikheid. In hierdie brief van Petrus kry ons die reaksie van hierdie heidendom teen die eerste sendingwerk van die kerk. Hierdie reaksie teen die kerk het vir ons bewaar gebly in latere dokumente van heidene soos Celsus en Porphyrius. Hulle wou die kerk weer uit hulle geloof en lewenswyse bekeer na die geestelikheid van die heidendom.

Dit is wat Petrus hier aanspreek en ons saam moet ontdek: die sendingaksie en sendinguitryk van die goddelose en wettelose wêreld na die kerk van die Here teen die kerk van die Here!

Hierdie nuwe sending teen die kerk in die kerk wou, soos wat die apostel Petrus dit in sy brief uitwys, dat Christene die Here as hulle Verlosser moet verloën (2:11) en dat hulle van hulle geloof en toewyding aan die Here los gemaak word om weer om losbandigheid as hulle ware geestelikheid te vier. (2: 2)

2. Dit was die sendingaksie en boodskap van 'n nuwe geslag predikers in die vroeë Christelike kerk wat die apostel valse leraars noem (2:1) Valse predikante wat 'n goddelose sendingroeping gehad het om die kerk te bekeer en te bevry van hulle Verlosser en Here. Valse predikante wat die sending van afgode teen die kerk in die kerk bedryf.

Die apostel Petrus is aan die einde van sy lewe. Hy skryf hierdie brief aan die gemeentes van die Here om hulle weer te herinner aan die evangelie van Jesus Christus. Daardeur roep hy hulle op om nie die boodskap van bekering en bevryding van die nuwe geslag predikante tel glo en te navolg nie.

Daarom is hierdie brief van die apostel, wat eintlik sy laaste testament aan die kerk is, 'n oproep om standvastig te wees teen hierdie nuwe sending aksie van goddelose predikante teen die kerk maar in die Naam van God!

In hierdie testament wys die apostel hoekom hulle nie

- op hierdie nuwe manier tot bekering mag kom nie,
- hierdie nuwe ware lewe met vreugde mag vier nie,
- hulle nie in hierdie nuwe bevrydingsboodskap mag glo nie en

Die Here het ons gevestig in sy genade daarom kan ons nie goddelose geestelikes se sendingveld wees nie

- hulle nie na die nuwe verhale oor God wat hierdie valse predikante preek, mag luister nie.

Kom ons ontdek vanoggend saam met die vroeë kerk in die woorde van die Here hoe om standvastig te bly teen hierdie sendingaksie van goddelose predikante in die kerk teen die kerk.

3. Die boodskap van hierdie nuwe sendingaksie binne die kerk, teen die kerk, was bevryding!

Hierdie prediking word in hoofstuk 2 verse 17 deur Petrus beskryf as aanmatigende verkondiging van onsinnigheid wat aan die lidmate vryheid belowe.

Wat was hierdie nuwe vryheid en waarvan moes die lidmate bevry word?

Die nuwe vryheid was om hulle lewe volgens hulle sondige drange in te rig (3:3) asof hierdie sondige drange hulle ware self is, asof hierdie sondige drange is hoe God hulle gemaak het en waarvoor God hulle bestem het. Dit was hoe hulle in die heidendom afgode gebruik het. Dit is hoe hulle nou ook Jesus Christus wou gebruik het

– om in sy Naam hulle lewe volgens hulle sondige drange in te rig.

Dit is hoekom Petrus dan teenoor hierdie sondige natuur van mense die nuwe aard van Christene stel en dit die “goddelike natuur” noem in 1:4. God gee aan Christene ’n nuwe geaardheid. Hierdie geaardheid is ’n gawe van God. Daarom word dit “goddelik” genoem, bedoelende deur God binne in ons geskep.

Hierdie nuwe godgegewe natuur staan teenoor die sondige natuur wat hierdie valse predikante as mense se nuwe ware self wil voorhou.

4. Wat is hierdie nuwe geaardheid wat die Here in ons geskep het?

Dit is om in Jesus Christus as ons Here en Verlosser te glo. Hy verlos ons van ons goddeloosheid en wetteloosheid deur ons in te sluit in sy geregtigheid. (1:1) Hy laat ons vir God goed en reg wees volgens God se heilige wet (2:21) deurdát ons ingesluit is en deel in wie die Here as mens vir ons vandag in die hemel is en aan die kruis was.

Daarom stel die apostel dat ons “deelgenote” is van hierdie nuwe geaardheid, hierdie geaardheid van Jesus Christus as mens in die hemel. Omdat ons deel in sy regte en volle liefde aan die wet van die Here, is ons liefde volgens die Here se wet altyd reg en volkome vir God self, is ons ook soos Noag (2:5) en Lot (2:7) vir God regverdige.

Dit is so omdat ons Christus se natuur as mens met Hom deel!

Daarom skep die Here ook in hierdie deelgenootskap iets totaal nuuts binne in ons lewe: in die Grieks word dit “godsvrug” genoem. Dit beteken dat ons aan die Here se wil toegewy is omdat ons weet dat God ons liefde vir Hom reg en volkome gemaak het.

Dit is ons verlossing: verlos van goddeloosheid en wetteloosheid sodat ons liefde in en deur ons deelgenootskap met wie Christus as mens is en wat Hy as mens in ons plek vir ons gedoen het, vir God reg en volkome is: regverdig en heilig. Verlos om ons self in hierdie geloofsvertroue aan die Here se wil toe te wy. Dit is ons nuwe geaardheid, ons goddelike natuur, ons godgegewe nuwe menslike natuur!

5. Die bevrydingsboodskap van die nuwe predikers in die vroeë kerk, is dat gelowiges van dit wat Petrus hulle godgegewe natuur noem, bevry moet word.

Van die nuwe geaardheid wat die Here in ons skep, om toegewyd te wees aan sy wil in die geloof dat ons liefde vir Hom volgens sy heilige wet reg en volkome is, moet ons bevry word!

Daarom noem die apostel hierdie nuwe bevrydingsboodskap “verleiding” (2:14), “uitlokking” (2:18), “verstrikking” (2:20) en “verslawing”.

Wat is volgens hulle die mens se ware nuwe geaardheid waartoe die predikers hulle wil bevry?

Dit is hulle sondige self! Hulle sondige self moet hulle as hulle ware vryheid ontdek asof dit is hoekom en waarvoor God die mens gemaak het. Hulle moet hulle sondige self as hulle eintlike ware self ontdek en vier!

6. Dit is waartoe hierdie valse predikers lidmate in die kerk oproep.

- Hulle moet die genot van eet en drink vier as die ware bedoeling van die lewe en hulle moet só eet dat hulle hierdie vryheid met hulle geëtery en gedrinkery kan wys; (2:13)
- Hulle moet hulle seksualiteit vier as die ware bedoeling van die lewe en op só manier seks hê dat hulle met hulle seksuele omgang hulle vryheid kan wys; (2:14)
- Hulle moet geld vier as die ware bedoeling van die lewe en met hulle geld kan wys hulle is vry. (2:3, 14)

Dit is die waansin van hierdie nuwe vryheid!

Die Here het ons gevestig in sy genade daarom kan ons nie goddelose geestelikes se sendingveld wees nie

Dat jy met die manier wat jy kos eet jou geestelike vryheid kan vier! Dat jy met die manier waarop jy drink jou geestelike vryheid kan vier! Dat jy in die manier waarop jy seksuele omgang het jou geestelike vryheid kan vier en die manier waarop jy geldmaak jou geestelike vryheid kan vier!

Christene vier hulle verlossing van die oordeel van God deur hulle self met vrymoedigheid aan die wet van God toe te wy in die sekerheid dat God hul liefde reg laat wees en heilig in Christus.

Hierdie nuwe soort bevryding vier vryheid met kos, drank, geld en seks!

7. Wat word geestelik op hierdie wyse gevier? Die antwoord is geestelike mag!

Hierdie geestelike mag beskryf die apostel in 2: 12 so: hierdie mense is soos redelose diere, instinkmatige wesens, voortgebring net om gevang en geslag te word. Die mag is dat mense leef volgens die natuurwet van vang en slag!

Dit is die nuwe wet in die plek van die heilige gebod van God. Die natuurwet van die sterkste maak met die swakkes net wat hy wil.

Dit is hierdie mag wat mense met die gefuif van kos vier! Ek eet net die beste en skaarste kos soorte wat daar is! Ek eet net die spesiale viseiers van vis, nie visse nie; Ek eet net hierdie steak as dit net op hierdie spesiale manier voorberei is en op hierdie manier bedien word.

Met hierdie aanstellerige manier van eet wys ons dat ons bevredig ons eie behoeftes en dit is waaroor die lewe gaan. Hierdie spesiale kos maak jou aanmatigende houding teenoor ander die krag van jou lewe! Met hierdie kos vang jy mense in jou aanmatigende houding en slag hulle in jou aanmatigende houding.

Dit is hierdie mag wat mense vier met aanstellerige oordadige gedrink. Ons drink net die duurste en met oordaad bewys ons ons vier die mag om ons eie begeertes te bevredig. Hierdie spesiale drank maak jou hooghartigheid die krag van jou lewe. Met hierdie drank vang jy mense in jou hooghartigheid vas en slag jy hulle in jou hooghartigheid.

Dit is mag waarin mense seksuele omgang bedryf as iets waarin jy net jouself bevredig met wie, soos en wanneer jy wil. Seksuele genot bemagtig jou in jou eiegeregtigheid en jou onreg teen ander. Met seksuele genot vang jy mense in jou ongeregtegtigheid en slag jy hulle in jou ongeregtegtighede. Dit, terwyl hulle hierdie vang en slag as seksuele genot moet ervaar.

Dit is die mag waarmee mense geld gebruik om hulle self bokant enige aanspreeklikheid vir hulle optrede te verhef en hulle van die gevolge van hulle

Die Here het ons gevestig in sy genade daarom kan ons nie goddelose geestelikes se sendingveld wees nie

wandade vry te koop. Geld onderwerp mense aan jou sondige drifte. Met geld vang jy mense in jou losbandigheid en slag jy hulle in jou losbandigheid terwyl hulle voor jou geld moet buig.

Die mag om instinktief te leef, die natuurwet van die sterkste is reg en die sterkste mag ander mense vang en slag, laat hulle met al hierdie dinge wat as gawes van God bedoel was, die mens se sondige drif die wet van die lewe wees.

Vry om te vang en te slag omdat jy die sterkste is in jou eie krag om jou eie sondige drif te bevredig!

8. Hierdie nuwe sendelinge van hierdie nuwe vryheid binne die kerk beroep hulle op die natuurwette binne die skepping en maak God se kragtige werking in en deur sy deur die beloftes deur hierdie natuurwette belaglik.

Dit is wat u moet hoor in hoofstuk 3 verse 3 en 4: “Wat het geword van die belofte van sy koms? Sedert ons voorvaders ontslaap het, bly alles steeds soos dit van die begin van die skepping was.”

Alles in die skepping bly net soos dit van die begin af was! Die natuurwette werk net soos dit werk! Daar is niks anders as die wette van die natuur nie! God doen ook niks anders in hierdie skepping as om net die natuurwette te laat werk soos dit werk nie!

Met hierdie geloof in die wetmatigheid van die natuur, word alle geloof in God se beloftes hoe om God vir sy kinders te wees, belaglik gemaak. God se kragtige werking om sy verbondsbeloftes te vervul, word die voorwerp van spot in hierdie nuwe sendingprediking.

Christene moet hul eie verspotheid ontdek om in God te glo wat kragtig sy beloftes vervul! Die natuur werk soos hy werk en die mens moet vry wees om volgens sy natuur te leef! Geloof in God se beloftes en 'n lewe vanuit die beloftes van God is verspot! Christene moet hulleself belaglik voel en sien in hulle geloof in God se kragtige vervulling van sy beloftes.

9. Wat preek hierdie nuwe bevrydingspredikers?

Hulle nuwe sendingboodskap noem Petrus “vindingryke fabels”, (2:16); “aanmatigende onsin” (2:18) en “versinde argumente” (2:3). Hierdie woorde beskryf die nuwe sendingprediking vanaf die kansels.

Vindingryke fabels is verhale oor God wat mense self uitdink. In vandag se taal is dit geestelike vertellings oor godservarings. Mense maak vindingryk stories oor God op,

Die Here het ons gevestig in sy genade daarom kan ons nie goddelose geestelikes se sendingveld wees nie

oor hoe hulle God beleef, ervaar sien en oor God droom. Lidmate moet nou na hierdie selfopgemaakte stories van God luister asof dit die woord van God is.

Hierdie verandering in wat gepreek word van die kansels moet ons goed verstaan. Stories oor God is die tipe prediking wat mense bevry van hulle godgegewe natuur en deel maak van die geestelikheid om jou sondige geaardheid te glo as jou ware natuur soos wat God jou gemaak het. Hierdie nuwe vryheid kan net opgebou en gevoed word met stories oor God. Selfopgemaakte stories oor God!

10. Wat preek hierdie predikers nie meer nie?

Hulle preek nie meer dit wat Petrus noem “die woorde van die heilige profete” en “die opdrag van ons Here en Verlosser” nie.

Hulle preek nie meer dat Jesus Christus die Here is wat die verbondsbeloftes van God vervul deur sy lyding en opstanding uit die dood nie. In die plek van hierdie verkondiging van Christus, preek hulle hul nuwe selfopgemaakte stories oor God.

Daarom is die kern van die verskil in hierdie brief die verskil oor wat is die woorde wat van God afkomstig is: is dit die selfopgemaakte stories oor God van hierdie nuwe predikante of is dit die verkondiging van die profete en die opdrag van Jesus Christus? (1:21)

Die antwoord is duidelik.

Die Heilige Gees sê niks en bewerk niks deur hierdie stories oor God wat mense binne die kerk opmaak nie. God werk net deur die prediking van die openbaring van en oor Christus kragtig.

Daarom bewerk die Heilige Gees ook nie geloof deur Christus se regverdigmaking of skep die Heilige Gees ook nie enige toewyding in mense se harte aan die wet van God deur hierdie selfopgemaakte stories oor God nie.

En dit is net mooi die punt!

Hulle preek dit nie want hulle wil nie die kragtige teenwoordigheid van die Here in die kerk sien nie. (1:16) Die kragtige teenwoordigheid van die Here in en deur die prediking van Christus se vervulling van God se verbondsbeloftes, word vervang met hierdie mense se goddeloosheid.

Dit is die drif in hulle prediking: om met selfopgemaakte stories oor God hul godloosheid die hart van die kerk van die Here te maak.

Die Here het ons gevestig in sy genade daarom kan ons nie goddelose geestelikes se sendingveld wees nie

11. Wat is die vrug en uiteinde van hierdie goddeloses se sending teen die kerk binne die kerk?

Petrus beskryf dit só: “Hierdie mense is opgedroogte fonteine, miswolke voortgedryf deur ’n stormwind, mense vir wie die diepste duisternis gereed staan.” (2:17)

Niks van wat die Here deur sy Gees in die kerk skep, geloof in sy regverdigmaking en toewyding aan sy wet, gebeur in hierdie stories oor God nie.

Daarom is alles wat die Here in gelowige skep in hierdie geestelikheid afwesig:

Die ywer van die kerk om

- by hulle geloof uitnemendheid te voeg,
- by hulle uitnemendheid insig te voeg,
- by hulle insig selfbeheersing te voeg,
- by hulle selfbeheersing volharding te voeg,
- by hulle volharding ’n toegewyde lewe te voeg,
- by hulle toegewyde lewe broederliefde en
- by hulle broederliefde liefde vir alle mense te voeg,

is heeltemal afwesig in hierdie nuwe lewe waar hulle hul eie sondige aard as hulle godgegewe natuur glo. (1:5 – 7) Omdat hulle na stories oor God luister en nie na die evangelie van Jesus Christus nie, is hulle lewe vir God nutteloos en sonder vrug.

- Hulle moes fonteine wees, maar is nou opgedroog.
- Hulle moes wolke vol reën wees, maar is miswolke sonder enige reën,
- hulle moes fokus op die lamp van die evangelie, maar is met al hulle godestories nou self in die duisternis.

Die enigste gevolg van hierdie sendingwerk teen die kerk binne die kerk is dat hulle wat in hierdie stories oor God bemaagtig voel om hulle sondige self te wees, hulle lewe volgens hulle sondige drange inrig en in hierdie stroom van losbandigheid meegesleur word.

Al wat gebeur volgens Petrus is dat hulle wat in hierdie godestories opgaan, deur beginsellose mense in goddeloosheid en wetteloosheid meegesleur word. (3:17)

Wat bly oor van ’n kerk wat deur goddeloosheid en wetteloosheid meegesleur word?

Niks nie!

Die stormwind van goddeloosheid en wetteloosheid waai hierdie miswolke uitmekaar.

Die Here het ons gevestig in sy genade daarom kan ons nie goddelose geestelikes se sendingveld wees nie

12. Die oproep van die Here in hierdie brief aan sy kerk is om standvastig te wees.

Die Here self het ons gevestig binne die waarheid van Jesus Christus. Hy het ons geloof in ons harte gegee deur ons in te sluit in alles wat Jesus vir ons gedoen het om ons vir Hom regverdig te maak. Hy het 'n nuwe toewyding in ons harte aan sy wet geskep in die wete dat ons liefde met al ons gebreke en foute altyd vir Hom reg en heilig is.

Hierin moet ons vasstaan.

Die wyse waarop ons vasstaan is om vas te hou aan die verkondiging van die evangelie van Jesus Christus en ons van alle selfopgemaakte stories oor God los te maak.

Ons luister nie na mense se vertellings oor hulle godservaring, hulle stemme, hulle drome, hulle slim voorbeelde, hulle filosofiese insigte en idealistiese rolmodelle wat hulle van God sou gehoor het nie. Die wyse om vas te staan is om hierdie stories oor God te minag as waansin, versinde argumente en dwaling.

Wie in hierdie verkondiging van die evangelie vashou, ontdek hierdie wonderlike kragtige werking van die teenwoordige Here binne sy Kerk: Hy sorg dat ons aanhou groei in die genade en kennis van ons Here en Verlosser, Jesus Christus.

13. Ons mag nie vandag hierdie nuwe goddelose sendingpoging teen die kerk van die Here miskyk nie!

Dit is presies wat besig is om met ons te gebeur die laaste twintig of meer jare. Met die koms van 'n nuwe goddelose staat is baie geestelikes bemagtig om hulle eie sending teen die kerk in die kerk te loods. Ons as kerk het die sendingobjek en ons lidmate die sendingveld van 'n nuwe geslag goddelose predikers geword.

Ons wat in die Here glo en aan die Here toegewei is, moet al meer en meer hoor dat dit ons is wat tot bekering moet kom! Ons moet ons bekeer van ons engheid, ons gewoonte om na Woord in die erediens te kom luister, ons bekrompenheid. Ons moet ons bekeer van ons fundamentalisme!

Wie wil ons bekeer?

Predikers met selfopgemaakte en versinde fabels oor God.

Hierdie tipe prediking het al 'n spesifieke wetenskaplik-teologiese naam gekry: verhalende preke. Dit is 'n geleerde woord vir storie-preke. Al meer en meer moet ons na stories oor God luister. Mense se stories oor God, hoe die dominee God

Die Here het ons gevestig in sy genade daarom kan ons nie goddelose geestelikes se sendingveld wees nie

ervaar en beleef het, hoe die dominee wil hê lidmate moet deel word van sy storie oor God.

In al hierdie nuwe stories oor God het die prediking van die evangelie verdwyn. Die prediking van die beloftes van God in die profete van die Ou Testament en hoe die Here Jesus hierdie verbondsbeloftes vervul het deur sy lyding en opstanding uit die dood.

Ons mag ons ook nie met hierdie verandering in die prediking misgis nie. Storie vertel oor God is nie maar dieselfde as die verkondiging van die evangelie van Jesus Christus nie. Stories vertel oor God wil iets heeltemal anders in die kerk bewerk as wat die Here se kragtige teenwoordigheid deur die evangelie bewerk.

Stories vertel oor God wil maak dat mense hulle sondige begeertes moet aanvaar as hoe God hulle gemaak het. Stories vertel oor God is die wyse waarop mense hulle lewe inrig volgens hulle eie sondige drange. Stories vertel oor God is hoe goddelose mense van die Here se magtige teenwoordigheid bevry wil word om volgens hulle sondige drange deel van die wêreldorde te word – 'n wêreld waar mense buite die Here se teenwoordigheid mekaar vang en slag met en binne hulle eie sondige drange.

Stories vertel oor God binne die kerk gaan oor die ongeloof dat God geen beloftes in hierdie wêreld kan waarmaak nie, want in hierdie wêreld werk alles net volgens die natuurwette: alles bly soos dit is van die begin van die aarde af- die sterktes vang en slag en die swakkes word gevang en word geslag.

Die doel van hierdie sendingdriftigheid van predikante in die kerk teen die kerk, vir gelowiges teen gelowiges, vir toegewydes en teen toegewydes, is om hulle mee te sleur in die stroom van losbandigheid van hierdie wêreld terwyl hulle moet glo hulle is bevrydes!

14. In die Woord van die Here moet ons hierdie standvastigheid behou waarin die Here ons gevestig het:

Ons is nie hierdie nuwe predikers se sendingobjekte nie! Ons sal nooit ons self hulle sendingveld laat wees nie!

Ons is nie hierdie nuwe predikers se onbekeerdes nie!

Ons is nie hulle eng, bekrompe fundamentaliste nie. Ons is geroep en gekies om in die Here te glo en ons aan sy wet toe te wy. Ons wil nie bevry word nie!

Die Here het ons gevestig in sy genade daarom kan ons nie goddelose geestelikes se sendingveld wees nie

Ons is verlos deur die Here om in sy genade en liefde te glo en ook te glo in hoe Hy ons liefde vir Hom reg laat wees. Wat hulle bevryding noem ken ons as die verstriktheid binne sonde. Die sonde waaruit die Here ons verlos en gered het.

Ons wil nie die vreugde van die nuwe lewe ervaar wat hulle aan ons voorhou nie!

Kos, drank, geld en seks is gawes van God waardeur ons onself aan die Here se wet toewy. Ons kan nie eet en drink om te wys hoe geestelik bevry ons is nie. Ons kan nie seks hê om te wys hoe bevry ons is nie. Ons kan nie hebsug as geestelike geseëndheid demonstreer nie.

Ons vreugde is om:

- by ons geloof uitnemendheid te voeg en nie ons sondige self te wil wees nie,
- by ons uitnemendheid insig te voeg en nie in ons sondige slegtheid te leef nie,
- by ons insig selfbeheersing te voeg en nie ons sondige self te laat geld nie,
- by ons selfbeheersing volharding te voeg en nie aan ons sondige drifte toe te gee asof dit ons menslikheid is nie,
- by ons volharding 'n toegewyde lewe te voeg en nie gelate te wees in ons sondige begeertes asof dit maar net is hoe ons is nie,
- by ons toegewyde lewe broederliefde te voeg en hulle nie aan ons sondige drifte te onderwerp in die geloof van ons krag en hulle swakheid nie en
- by ons broederliefde liefde vir alle mense te voeg en nie in ons lewe in te rig in die driftigheid dat net hulle wat ons sonde regverdig is ons naaste nie.

Wat hulle vryheid is, ken ons as sonde. Wat hulle vier as hulle nuwe geestelike geaardheid, ken ons as ons sondige geaardheid.

Daarom mag ons nooit ons self die bekeerlinge van hierdie sendingdrif teen die kerk maak nie. Waarheen hulle ons wil bekeer, het die Here ons uit verlos!

Terwyl hulle met die sekerheid van die natuurwette hulle self oorgee aan hulle eie sondige natuur en mekaar in hulle sondige drifte vang en slag, sal ons in die kennis van die Here Jesus ons Verlosser se genade aanhou groei en godsvrug dra.

Hulle sending teen die Kerk is nie die sending opdrag van die Here Jesus nie. Hulle stories oor God, is net dit selfopgemaakte stories oor God om hulle eie sondige drif as hulle ware geestelikheid te vier.

Kom ons staan vas in die genade van God waarin Hy ons gevestig het en kom ons groei in godsvrug deur ons kennis van ons Here Jesus Christus!

Skrifuitleg en prediking notas.

Skrifuitleg

- Die inhoud van 2 Petrus gaan oor die teenstelling tussen hulle wat die geloof verkry het deur die geregtigheid van Christus 1: 1; 2:5, 7, 8; en goddeloses. (1:5,6;)
- God skep in hulle wat Hy roep en verkies (1:10) deur sy goddelike krag 'n nuwe natuur waardeur gelowiges toegewyd aan God kan leef. (1:3) Dit staan teenoor die sondige begeerte van die mens wat die lewe verdorwe maak, vrot maak. (1:4)

Hierdie kontras is deurlopend:

besoedelde begeerte van die natuurlike liggaam (2:10);
redelose diere, instinkmatige wesens (2:12);
onsedelike liggaamlike drange (2:18);
lewens volgens eie drange inrig (3:3);

teenoor

'n lewe wat julle roeping en verkiesing bevestig (1:10)
mense wat 'n toegewyde lewe lei (2:9;)
mense wat 'n heilige lewe lei en aan God toegewyd is (3:11)

- Die karakter van hierdie geloofslewe (1:5-7) staan teenoor wetteloosheid van die goddelose.
- Die Here skep en regeer hierdie lewe van die gelowiges deur sy Woord, die profesie, (1:20, 21) terwyl goddeloses hulle eie vindingryke fabels skep om hulle sondige begeertes te bevredig.

Die teenstelling tussen die waarheid van God se woord, weg van waarheid, (2:12), reguit pad (2:15), pad van geregtigheid (2:21) en hierdie fabels is deurlopend:

- vals profete (2:1) vs. die profesie van die Woord;
- 'n lewe binne die beloftes van God (1:4) vs. lewe in verdorwenheid van begeertes (1:4)
- vindingryke fabels (1:16) vs. ooggetuies van openbaring van Christus (1:16);
- die helder denke deur die woorde van die profete en opdrag van die Here Jesus (3:1,2) vs 'n lewe wat ingerig is volgens eie drange. (3:3)
- standvastigheid in genade en kennis van ons Here vs. dwaling van beginsellose mense. (3:17.18)

- die pad van geregtigheid (2:210 staan teenoor die waansin van die profeet (2:16); aanmatigende onsin (2:18); versinde argumente (2:3)
- Die kontras tussen gelowig en goddeloos gaan nie oor sedelike goeie en slegte mense nie maar oor God! God wat deur sy geregtigheid en goddelike geloof gee en alles gee wat nodig is toegewyd te leef, aan die een kant, (1:3-4) maar die onregverdiges in hulle goddeloosheid gevange hou vir sy oordeel. (2:9)

God se roeping en uitverkiesing maak die onderskeid (1:10) tussen gelowiges en vervloektes. (2:14)

- Die gevolge van hierdie twee verskillende gelowe en leefwyses word ook deurlopend beskryf
 - verdorwenheid van begeertes (1:4) vs. eienskappe van geloofsgehoorsaamheid (1:5 -7);
 - vernietigende ketterye (2:1), bewerk skielike eie ondergang (2:10), hulle het verdwaal (2:15), opgedroogte fonteine, miswolke (2:17), slawe van verderf (2:19), blind en kortsigtig (1:9) vs die eienskappe van geloofslewe (1:5-7)

Die waarskuwing vir die gelowiges gaan oor verleiding om uit die geloof verlei te word tot goddeloosheid.

- Dit gaan oor 'n lewe waarin 'n mens nie struikel nie (1:10) maar in die waarheid vas gevestig is;
- Dit gaan oor predikante wat die Here Jesus verloën (2:2)
- Hulle belaster die waarheid om mense volgelingen van hulle losbandigheid te maak. (2:1)
- Hulle buit gelowiges uit (2:3)
- Hulle verlei onverstandige siele (2:14)
- Hulle lok mense uit die geloof in die dwaling in (2:18)
- Hulle spot die gelowiges oor die hoop wat oor god in hulle is (3:3)
- Hulle sleur mense mee met hulle beginselloosheid en laat hulle standvastigheid verloor. (3:17)
- Laat verstriek.

Dit staan teenoor 'n lewe waarin gelowiges aangroei in die genade en kennis van die Here en Verlosser en daarin standvastig is in die lewe waarin hulle gevestig is. (3:18 en 91:12)

Hierdie lewe is 'n lewe in die vervuld beloftes van God (1:4) en beloftes wat God nog gaan vervul. (3:4) Wie die belofte van 'n nuwe wêreld van

geregtigheid verwag (3: 13) uit die geregtigheid wat ons reeds van deel is in Christus (1: 1), bly toegewyd leef in 'n wêreld waarin valse predikante gelowiges wil verlei tot die "vryheid" van 'n goddelose en wettelose lewe as die Ware lewe van God in Christus.

Hierdie kontras gaan oor 'n lewe waar mense in hulle wildheid gevang en geslag word volgens die wet van die sondige aar: die sterkste doen wat hy wil met die ander, teenoor 'n leefwyse toegewyd aan die wet van God.

Dit is die werklike diepte van die kontras: God wat gelowiges uit beproewing van goddeloses se verleiding red, maar hulle oordeel en uitlewer aan hulle eie wet: om gevang en geslag te word. (2: 7-9 en 2: 12-13)

Petrus is in hierdie brief die hele tyd besig met die onderskeid wet en evangelie.

- Die evangelie is die verkondiging van die "kragtige teenwoordigheid van ons Here Jesus Christus. (1:16).
- Die apostels is getuies van die evangelie: ooggetuies van sy ontsagwekkende grootsheid. (1: 17-19)
- Die evangelie is die profetiese woord: (1:19) en daarom is die verkondiging van Christus die woorde wat van God afkomstig is. (1:20-21).
- Die evangelie is die "opdrag wat die Here en Verlosser aan die apostels gegee het en die inhoud van die evangelie is ook die woorde van die profete in die Ou Testament. (3: 2-3)
- Die evangelie skep geloof en 'n toegewyde lewe volgens die heilige gebod van God. (1:1 en 2:21)
- Hierdie geloof in Christus en die nuwe lewe in toewyding aan God uit sy geregtigheid is "die pad van die waarheid" (2:2), "pad van geregtigheid" (2:21), "die reguit pad" (2:15) en dit is die nuwe besondere wyse waarop gelowiges toegewyd en heilig leef. (3:11)

PREDIKING NOTAS.

- Vandag is dit wat Petrus "vindingryke fabels" noem, die geestelike stories of "verhalende prediking" van die moderne Christelikheid. Stories van hulle geestelikhede waarin niks van die evangelie verkondig word nie.
- Die wyse waarop gelowiges vas bly staan in die beloftes van God is om hulle lewe op aarde te aanvaar as tydelik: 'n tentwoning in 'n wêreld wat tydelik is en sal vergaan. Vir goddeloses is hierdie wêreld hier en nou die enigste wêreld. Daarom spot hulle enige verwagting van 'n ander wêreld as hierdie een waarin hulle mag het.

- Goddeloosheid gaan oor die wet van die sterkste oorleef: die natuurwet van “vang en slag” word die wet vir mense. dit taan teenoor die heilige gebod van God van naaste liefde en liefde vir God.
- Die doel van die verleiding van gelowiges gaan oor die bevestiging van die mag van die natuurwet. Dit is ook hoekom God ontken word. Om dit wet van naasteliefde te ontkom en om volgens die gewaande wet van die natuur te kan leef: die sterkste vang en slag!
- Die viering van hierdie mag is met die oordaad van kos, drank en geld. Dit word magsmiddele wat die waarheid van godloosheid van die skepping moet bevestig.
- Die natuurwet bevestig vir goddeloses die sondige aard van die mens as sy ware geaardheid en dit bewys vir goddeloses die nietigheid van die geloof en toewyding van God.
- 2 Petrus wys ons op die sendingaksie van die goddeloses en die wetteloses. Hulle verkondig “vryheid” as verlossing. (2: 19,20) Hierdie sending van die wêreld is op die kerk gerig. Hulle wil aan die kerk vryheid verkondig en bekeer om vry te wees. Petrus noem hulle vryheid slawerny.
- Hierdie vryheid gaan oor die ontdekking van jou sondige natuur as jou ware menswees. Daarom is die kontras in Petrus tussen die “goddelike natuur” (1:4) bedoelende godgegewe teenoor die verdorwenheid van begeerte. (1:4) Dit gaan oor ’n lewenswyse volgens jou eie drange (3:3) teenoor ’n lewenswyse van toewyding aan God se heilige gebod uit die geloof deur God se geregtigheid. (1:1-4)
- Die viering van hierdie ware aard van die mens is genot van losbandigheid in die manier waarop hulle eet, drink en seksueel verkeer.
- Hierdie sending van die goddelose en wettelose teen die kerk word bedryf deur predikers in die kerk wat die kerk van sy geloof en toewyding wil bekeer.
- Hulle evangelie is stories oor God, fabels en legendes.
- Hulle godespot teen Christus is dat Hy nie sonde oordeel nie (3:4)
- Hulle wil gelowiges uit hulle geloof en toewyding “bekeer”, dit is die doel van hulle verleiding.

Gesange: 1.219: 1-3; 2. 478 3 verse.